KURATORIUM

1. ALGEMENE AGTERGROND

1.1 Teologiese Fakulteit 100 jaar

Die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria is in 2017 honderd jaar oud. Daar word verskeie fees-geleenthede hiervoor beplan waarby die Kuratorium ook betrokke is. Die belangrikste vir NG Kerk is: 1. Die opening en herinstallering van die hekke (6 Maart); 2. Dekonstrueer die verlede (5-6 April); 3. Tuiskoms-naweek (28-30 Julie); 4. Refo 500 (31 Oktober - gesamentlike ekumeniese diens), asook eredoktorsgrade en kanseliersmedaljes (6 April en 7 September).

Die NG Kerk se teologiese opleiding by die universiteit vind vanaf 1938 plaas en dit word per ooreenkoms gereël. Sedert 2000 is die fakulteit 'n veel-kerklike fakulteit. Daar is tans 4 vennote, nl. die NG Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, VGKSA en die Uniting Presbyterian Church of Southern Africa (UPCSA).

1.2 Ooreenkoms met Universiteit

Die nuutste ooreenkoms is op 8 Julie 2009 gesluit. Kragtens hierdie ooreenkoms dra die vier noordelike sinodes 30% by tot die salarispakkette van 10 dosente van die NG Kerk. Met die vertrek van prof. J. Kok in 2015 het die NG Kerk 1 pos prysgegee en dra nou net by tot 9 poste.

1.3 Veranderinge by die Teologiese Fakulteit

Die Fakulteit: Teologie gaan op 1 Januarie 2018 'n naamsverandering ondergaan. Dit word nou Fakulteit: Teologie en Religie (dit is nog nie goedgekeur nie). Daar tree ook struktuur- en naamveranderings t.o.v. die departemente op 1 Januarie 2019 in werking om 5 departemente te vorm.

- Die Departement Kerkreg en Kerkgeskiedenis smelt met die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek saam om die Departement Sistematiese en Historiese Teologie te vorm.
- Die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap word die Departement Religiewetenskap.
- Die Departement Ou-Testamentiese en Hebreeuse Literatuur.
- Die Departement Nuwe-Testamentiese en Verwante Literatuur.
- Die Departement Praktiese Teologie.

Die sentra vir Kontekstuele Bediening, Publieke Teologie en Volhoubare Gemeenskappe sal die Sentrum vir Religie en Gemeenskap word.

1.4 Taalbeleid

U is almal bewus van die eise van #Afrikaansmustfall en die gebeure in 2015-16 by die universiteite. Die Universiteit van Pretoria se Raad het op 22 Junie 2016 'n nuwe taalbeleid goedgekeur wat kortliks bepaal dat Engels vanaf 2017 die amptelike taal by die universiteit is, alhoewel daar voorsiening gemaak word vir *profession-specific language outcome.* Voortvloeiend hieruit moes die fakulteit 'n proses van implementering uitspel vir goedkeuring deur die senaat. Die voorstel lui soos volg:

"2.1 From 2017 all undergraduate programmes will be presented per the UP Policy. This will contribute to social cohesion and expresses inclusiveness.

2.2 A period of transition will apply regards to existing students (2016 first time enrolled and pre 2016 enrolments), permitting them to receive their tuition, study guides and assessment in Afrikaans for the duration of the designated completion time of the course.

2.3 The M.div.-programme taught in the language(s) of the partner-churches contributing to the design and tuition of the programme (in ons geval Afrikaans).

2.4 The PGDip (Theology and Ministry), which is to be introduced in 2017, will be taught in the language(s) of partner-churches contributing to the design and tuition of the programme. This is primarily an introduction-based programme and on HEQSF level 8.

2.5 **As the Language Policy makes provision that** "undergraduate research essays and postgraduate dissertations and theses may be completed in any [recognized] **language",** the Faculty will responsibly apply this principle. The Faculty encourages post-graduate students to consider publishing their disseminated research if possible in different South African languages in order to develop such languages as academic language, of course taking the Scopus an Web of Science citation impact seriously."

1.5 Grade struktuur

Die grade struktuur verander ook vanaf 2017. Die saak het reeds by die Algemene Sinode 2015 gedien en moet vir toekomstige beplanning t.o.v. teologiese studies in gedagte gehou word. Dit kan skematies soos volg voorgestel word:



2. STUDENTE

2.1 Getalle

Die aantal studente het die afgelope 4 jaar drasties verminder. In 2011 het die verslag gemeld daar is 177 studente. Die huidige getal is: 68, waarvan 31 dames is. Ter wille van die geheelbeeld word die aantal studente by die ander twee fakulteite ook aangedui. Hier moet ook in gedagte gehou word dat daar meer as 70 teologiese studente in hulle eerste jaar aan UP is, waarvan meer as 50% nie van die vennoot-kerke is nie!

Jaar	Pretoria		Stellenbosch	Bloemfontein	TOTAAL
	M	D			
1	6	2	5	11	**24**
2	2	7	10	8	**27**
3	1	8	5	7	**21**
4	11	2	5	14	**32**
5	8	5	6	11	**30**
6	9	7	10	6	**32**
TOTAAL	**68**		**41**	**57**	**166**

Ter wille van die geheel prentjie word die veranderinge by die fakulteit ook weergegee:

Figure 1 Trend of UG Black vs White students (2015)



UG = voorgraads

Figure 2: Decline in students' numbers of traditional partners



Figure 3 Student numbers over last 5 years



Die afgelope jare is die volgende aantal persone gelegitimeer.

Jaar	Gelegitimeer	Colloquium	TOTAAL
2011	25	3	**28**
2012	23	1	**24**
2013	29	3	**32**
2014	17	3	**20**
2015	24	1	**25**
TOTAAL	**118**	**11**	**129**

'n Studiestuk, *Nabye aftrede: Predikante se belewing van hul gemeente, persoonlike welstand en finansies* deur dr. Liezel Alsemgeest, prof. Kobus Swanepoel en dr. Theo Swart bevind: "Huidige beramings dui aan dat 56.8% van voltydse predikante tussen die ouderdomme van 51 en 65 jaar oud is en dat hul binne die volgende vyftien jaar kan aftree. Van die ongeveer 1350 voltydse predikante korps in Suid-Afrika en Namibië is ongeveer (35.4%) tussen die ouderdom van 56 en 65. Aangesien die normale aftreeouderdom vir predikante 65 jaar is (Die Kerkorde, 2013: 49), beteken dit dat ongeveer 478 predikante binne die volgende vyf tot tien jaar aftree ouderdom gaan bereik."

Die Algemene Kuratorium het vroeër vanjaar die toekomstige behoefte (en werwing) van leraars bespreek en gemeld: *"Die kerk sal baie duideliker leiding moet gee oor die aftree-ouderdom (en noodsaaklikheid daarvan) van leraars en die indiensstelling van afgestudeerde proponente. Daar is duidelike bewyse dat gemeentes groei wanneer jong leraars die bediening betree. Die kerk moet ernstig besin oor werwing van jong leraars wat later meer bekostigbaar vir gemeentes kan wees teenoor emeriti wat ter wille van finansies aangaan met 'n bediening."*

3. DOSENTE

Die volgende 9 dosente van die NG Kerk is tans by teologiese opleiding betrokke: prof. DJ Human (visedekaan en Ou Testamentiese Wetenskap); dr. EE (Sias) Meyer (Ou Testamentiese Wetenskap); prof. GJ (Gert) Steyn (Nuwe Testamentiese Wetenskap); prof. DP (Danie) Veldsman en dr. W (Willem) Fourie (Dogmatiek en Christelike Etiek); prof. CJ (Cas) Wepener en prof. JA (Johan) Meylahn (Praktiese Teologie); prof. CJP Niemandt (Godsdiens en Sendingwetenskap) en prof. JM (Johan) van der Merwe (Kerkreg en Kerkgeskiedenis). Prof. A (Alphonso) Groenewald (Ou Testament) is 'n universiteit aanstelling.

4. KERKEIE TEOLOGIESE OPLEIDING

Die veranderinge by die fakulteit en kurrikulum noodsaak dat die kerk al hoe meer en groter verantwoordelikheid vir sy eie studente sal moet aanvaar. Op 1 Januarie 2014 het dr. GF (Gustav) Claassen die pos van Hoof: Kerkeie Teologiese Opleiding aanvaar. Hy het hierdie pos tot 30 September 2015 beklee en is tans die Algemene Sekretaris van die NG Kerk.

Dr. JA (Kobus) Myburgh is op 1 Julie 2016 in die pos bevestig en het die groot verantwoordelikheid om mee te werk aan en die verantwoordelikheid te aanvaar vir die kurrikulum vir die nuwe Nagraadse Diploma. Die veranderinge by die universiteit plaas 'n al groterwordende verantwoordelikheid op kerkeie teologiese opleiding en begeleiding van teologiese studente. Daar sal hierdie jaar en in 2017 baie meer gekommunikeer word met gemeentes en ringe oor teologiese studente in hulle werkkringe.

5. EXCELSUS

Dr. AL (André) Bartlett is sedert 1 Februarie 2012 voltyds in diens van die Kuratorium. Sy verantwoordelikheid was aanvanklik VBO en Kerkeie Teologiese Opleiding. Sedert 1 Januarie 2014 behels dit net VBO (Voortgesette Bedieningsontwikkeling) wat onder andere die jaarlikse Lentekonferensie insluit. Die uitbreiding van die kurrikulum wat beteken dat afgestudeerde studente 'n verpligte verdere 3 jaar VBO-opleiding moet ondergaan (vgl. Skema) maak hierdie pos al hoe belangriker.

Verbum et Ecclesia, ons geakkrediteerde tydskrif, word onder Excelsus bestuur. Dit is 'n aanlyn, vrye toegang tydskrif (www.ve.org.za). Die tydskrif word deur die dekaan van die Fakulteit: Teologie en die Raad van Excelsus gesubsidieer. In 2015 het die dekaan R220 000 in die *Verbum* belê. Prof. Human was tot einde 2015 die redakteur. Prof. Veldsman is sedert 2016 die nuwe redakteur.

6. FINANSIES

Die vier noordelike sinodes se bydraes maak die werk van die Kuratorium moontlik. Die GFK (Gesamentlike Finansiële Kommissie) begroot jaarliks vir dié werk. Finansiële State sal tydens die sitting beskikbaar wees.

Die GSK (Gesamentlike Sinodale Kommissie) het in Februarie 2016 goedgekeur dat gemeentes versoek word om jaarliks, op 'n Sondag so na as moontlik aan Pinkster, deurkollektes vir Kerkeie Teologiese Opleiding in te samel.

7. KURATORIUM

Die Kuratorium het in die begin van 2016 'n bedryfsplan aan die GSK voorgelê ten einde sinodes se ondersteuning te verseker. Een van die uitvloeisels is die halfdag per week verantwoordelikheid van die voorsitter van die kuratorium nadat dr. PR du Toit geëmeriteer het. Hy is nou betrokke by werwingswerk vir TopTrust.

8. ALGEMENE KURATORIUM

Sedert die vorige sinodesitting het daar 'n Algemene Kuratorium tot stand gekom. Sake wat vanjaar op hulle agenda was, is o.a.: die drie teologiese fakulteite, ampsbeskouing, profiel van die afgestudeerde student, tweedeloopbaanstudente en kerklike dienswerkers, missionale kerkwees, missionale transformasie, VBO-forum, Unisa, NWU en APK-studente, eenvormige hantering van Colloquium Doctum, kontraktuele verbintenis t.o.v. studie en kerkeie opleiding vir die gemeentejaar, ens. Tydens die ASM-vergadering van September 2016 is reeds voorlopige voorstelle tov tweedeloopbaanstudente en kerklike dienswerkers deur 'n taakgroep van die Algemene Kuratorium voorgelê.

AANBEVELINGS:

1. Die Noordelike Sinode ondersteun die Teologiese Fakulteit se eeufeesvierings in 2017 en wens hulle baie geluk.

2. Die Noordelike Sinode neem kennis van die veranderinge by die Teologiese Fakulteit en die verwikkelinge rondom die taalbeleid aan die Universiteit van Pretoria by die Teologiese Fakulteit.

3. Die Noordelike Sinode:

3.1 neem kennis van die dalende studentegetalle en

3.2 besluit om ernstig mee te werk om teologiese studente te werf.

4. Die Noordelike Sinode spreek sy dank uit teenoor dosente wat onder al moeiliker omstandighede die geleenthede vir die koninkryk benut.
5. Die Noordelike Sinode spreek sy dank uit teenoor drr. PR du Toit, GF Claassen, DJ Dreyer, AL Bartlett, mnre. D Koekemoer en G Potgieter, asook me. L van der Kooi en R van Rensburg vir diens aan die sinodes en kuratorium.
6. Die Noordelike Sinode versoek gemeentes om jaarliks op 'n Sondag so na as moontlik aan Pinkster, deurkollektes vir Kerkeie Teologiese Opleiding in te samel.
7. Die Noordelike Sinode versoek leraars om erns met hulle VBO-verantwoordelikheid te maak.

PJSG (Paul) Du Plessis
Voorsitter

NWJ (Nico) van Rensburg
Skriba